

## ⇒ TOETS USELF HIERAAN

### **Het mense al ooit van u gesê dat u hoogmoedig is?**

Volg u u eie kop en wil nie meer luister nie? Het u nog vertrou in mense? Het u nog sonde in u lewe en kan nie breek daarmee nie? Kyk u neerhalend af op mense? Beskinder u mense en praat kwaad van hulle? Het mense u al beskuldig van rebelsheid? Vertrou u op u eie krag? Draai die wêreld net om u? Spot u graag met mense? Eiesinnigheid? Het u nog sonde in u lewe? Is u nog leerbaar? Hardkoppig? Minderwaardig? Voel u nog skuldig nadat u, u sonde bely het? Is u arrogant? Is u jaloers? Perfeksionisties? Volg u God se riglyne nougeset na? Hoor u nog as u maat u tereg wys? Verhoog u, uself deur grootpraterij? Glo u ten volle in God se beloftes? 'n Trotse hart en hoogmoedige oë? Glo u dat God se Woord die waarheid is? Weier om tereg wys te word? Weier om gedissiplineer te word? Probeer u almal se aandag kry as u praat? Doen u u deel in die huishouding? Eie eer? Wys in u eie oë? Neem u altyd die hele gesprek oor? Wil altyd op die beste plek sit? Blaas u u eie beuel? Wil u altyd net die beste vir uself hê? Wat dink u as 'n ander aangeprys word?

### **HOOGMOED .. is 'n plan van die duiwel**

Die woordeboek omskryf die woord nog verder deur te sê dat trotsheid, verwaandheid, opgeblasenheid, 'n abnormale gevoel van eiewaarde, ook gebruik kan word. Snaaks genoeg verklaar die woordeboek ook dat hoogmoed tot 'n val kom. 'Pride' op sy beurt kan beskryf word as 'boast' of as 'vainglory', selfs as 'puffed up' of 'haughtiness'. In die boek van Spreuke (16:18) word verkeer dat trotsheid voor verbreking kom en hoogmoed (a haughty spirit) voor die val.

### **DIE MANIFESTERING OF VRUGTE VAN HOOGMOED**

\* Trotse oë ... dit is een van sewe dinge wat God haat. Spr. 6:17 (proudness) \* Spotters ... as dit spotters betref, spot Hy. Spr. 3:34 (scornfulness/mockery) \* Hoogmoediges ... God weerstaan hulle. 1 Pet. 5:5 (bragging/boastful)

\* Nekverharding ... so 'n persoon sal onvoorsiens verbreek word, sonder dat daar genesing is. Spr. 29:1 (stiff-necked, stubborn and obstinate) \* 'n Vermetele ... 'n trotsaard word 'n spotter genoem. Spr. 21:24 \* Skinder ... hy wat sy mond en tong bewaar. Spr. 21:23 \* Dominierend ... ook nie as heersers nie. 1 Pet. 5:5 (manipulering) oorheersend, arrogansie, voorskiftelikheid, onbeskof, die vermetele, die verwaande .... Hy sal hulle weerstaan, frustreer en hulle oorwin. Egosentries en selfregverdigendes is ook verdere verwysings na die manifestering van hoogmoed. Eie eer, domineer, ek en ek alleen, kan mense nie verdra nie

### **WAT SAL GOD MAAK MET 'N PERSOON WAT HOOGMOEDIG IS?**

In die boek van Jesaja (2:11,17) gee God die versekering dat die hoë oë van die mense verneder sal word en hulle sal neergebuig word. Vernedering sal volg ('neerbuig' of buk, buig, oorgee of enigets wat afwaarts gekrom is, soos die hoof of die liggaam) Die persoon sal tot 'n val kom ... trotsheid kom voor verbreking en hoogmoed kom tot 'n val. Spr. 6:18 God sal die hoogmoedige straf ... die Here haat die sonde. Spr. 6:16 God sal met die spotters spot ... Spr. 3:34 God sal hulle verneder ... Sy oë is teen die hoogmoedige. 2 Sam. 22:28

### **'GODSDIENSTIGE' HOOGMOED (of Onheilige of Geestelike hoogmoed)**

Hierdie tipe hoogmoed weier om op God te vertrou en om aan Hom te onderwerp. Hierdie selfde hoogmoed ontnem God Sy eer en neem die eer aan vir homself. Hierdie sonde, wat 'n gruwel is voor God, word ook genoem die wortel van alle sondes. Hoogmoed was die eerste keer geopenbaar toe Satan homself verhef het oor God en Sy plek wou inneem as God van die heelal ...

Jes. 14:12-14 Hoe het jy uit die hemel geval Lucifer, seun van die dageraad? Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies? En jy het in jou hart gesê: "Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef en saam met God sit op die berg van samekoms. Ek wil myself verhef bo die hoogtes van die wolke, myself gelykstel met die Allerhoogste. Hierdie gevalle Satan (Luk. 10:18. Ek het Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val) werk in die hart van die mens om homself te verhef bo God (Gen. 3:5 Julle oë sal oopgaan sodat julle soos God sal wees) met die resultaat dat die mens se totale natuur geïnfiltreer is met hoogmoed (Rom. 1:23 En hulle het die heerlijkheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens.) Die rede vir Satan se oordeel kom juis van sy hoogmoedigheid (1 Tim. 3:6 'n Nuweling kan verwaand word en in dieselfde oordeel val as Satan.) Die strik van die Duiwel is juis hoogmoed en daardeur het menige goedbedoelde Christene geval. (1 Tim. 3:7 Moet nie val vir die strik van die Satan nie. 2 Tim. 2:26 Hulle moet nugter word, vry van die strik van die Satan, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen)

## **Job, die vrome, die opregte, die Godvresende wat afgewyk het van die kwaad, verhef homself teen**

**God.** Hy wat sê dat hy geen sonde het nie, het in eiegeregtigheid homself hoër gestel as die mens. Hy verhef homself tot die vlak van 'n god en daag God uit om sy sonde aan hom uit te wys. Eerstens word al sy besittings weggeneem, toe sy kinders, toe sy gesondheid. Deur hierdie aanslae van Satan word Job se swakhede geopenbaar en sy hart word blootgelê. God ondersoek mos die hart en vergeld daarvolgens. Sê Dawid dan nie: "Here, ondersoek U my hart, en sien of daar onreinhede is wat my vat op 'n pad van smarte nie?" Job verwens sy geboortedag en verval in depressie. Gevul met opstandigheid, wil hy nie lewe nie. Vrees oorval hom en nie een van die swakhede kom van die Here nie. God se riglyne is ons beskerming en Job op sy segetog van oorwinnings word aangevuur deur die Verleier om homself hoër te ag, om God se raadsplan in twyfel te trek, om saam met Satan in opstand teen God te kom.

### **Job se rebellie**

Job 3:1 Daarna het Job sy mond oopgemaak en sy geboorte dag vervloek. Job 7:1 Het die mens nie 'n stryd op die aarde nie? En is sy dae nie soos die dae van 'n dagloner nie? Job 10:1 Ek walg van my lewe; ek wil my geklaag die vrye loop gee; ek wil spreek in die bitterheid van my siel. Job 15:25 Omdat hy sy hand uitgesteek het teen God en die Almagtige getrotseer...

### **Job se hoogmoed en sy sondelose toestand.**

Job 4:17 Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker? Job 9:21 Vroom is ek! Ek gee niks om myself nie: ek verfoei my lewe! Job 11:4 ....en sê: Suiwer is my leer, en rein is ek in u oë? Job 13:2 Wat julle weet, weet ek ook: ek staan nie vir julle terug nie. Job 13:23 Hoeveel is my ongeregthede en sondes; maak my my oortreding en sonde bekend. Job 25:4 Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God? En hoe sou hy rein wees wat uit 'n vrou gebore is? Job 27:6 Aan my geregtigheid hou ek vas en laat dit nie los nie; my hart veroordeel geeneen van my dae nie. Job 32:1 Toe het dié drie manne opgehou om Job te antwoord, omdat hy in sy eie oë regverdig was. Job 33:9 Rein is ek, sonder oortreding; suiwer is ek, en daar is geen skuld by my nie. Job 34:5 Want Job het gesê: Ek is regverdig, en God het my my reg ontnem.

**God begin toe met Job te redeneer en praat met hom asof Job 'n god is (Job 38-39).** Hoogmoed kom voor 'n val. Job betaal die volle prys van sy eiegeregtigheid. Die oeroue sonde van Satan steek ook hier sy kop uit in die eerste boek van die Bybel. Satan het pas misluk in sy eie veldtog en kom bedroë daarvan af, toe slegs 'n derde van die engele hom volg en hy soek nou 'n nuwe geleentheid. Die geskapenes van God, die mens kan hy mos nou gebruik om sy koninkryk te vestig. Die eerste verteenwoordigers van God en ook elkeen daarna word aangeval. Satan, in sy rebelsheid, soek volgelinge om God te onttron. Maar God Sy dank daar is 'n ewige bloedverbond, die Heilige Gees, asook God se Woord wat ons kan volg.

### **Job verneder hom voor God nadat hy groot skade gely het.**

Job 42:5-6 Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as. Haman het hom nie verneder nie en het met sy lewe betaal. Farao het hom nie verneder nie en betaal die hoogste tol; hy en sy gesin en die Egiptenare. Jesus onderwerp Homself aan Sy Vader terwyl Hy die dood tegemoet stap. Markus 14:36 En Hy sê: Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil. Jakobus vermaan ons om onself te verneder voor God. Jakobus 4:10 Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog. Petrus beveel ons om ons te onderwerp aan God. 1 Petrus 5:6 Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd. Lukas vertel ons dat vernedering ons sal volg, as ons nie tot inkeer kom nie. Lukas 14:11 Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word. Salomo skryf dat God ons eer sal aandoen as ons sy riglyne volg. Spreuke 22:4 Die loon van nederigheid is die vrees van die HERE. Markus beveel aan dat ons ander moet dien. Markus 10:44 En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Johannes praat van voete was. Johannes 13:14 As Ek dan, die HERE en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Dawid skryf na vele ondervindings; dat u uself moet onderwerp aan vastye. Psalms 35:13 En ek - toe hulle siek was, het ek 'n roukleed gedra; ek het my siel gekwel met vas, en my gebed het teruggekeer in my boesem.

**Die Bybel leer ons dat God die persoon sal verhoog, die een wat homself verneder.** Josef verneder homself en hy word die tweede in bevel van Egipte. Mordegai verneder homself. Job verneder homself. Jesus verneder homself, Dawid verneder homself, Paulus verneder homself. Satan wou nie en hy wakker al sy volgelinge en sy navolgers aan om hulle te verset teen God. Satan verduister die mens, net soos die seun by die varke.

## VASTYE, 'N PAAR GEDAGTES OF RIGLYNE

Vas is vir die uitsluitlike gedagte om van God te hoor en is slegs vir geestelike doeleindes. Die Metodiste onder Charles Wesley het 'n staande praktyk gehandhaaf. Alle predikante moes Woensdae en Vrydae vas, vanaf die vorige aand na maaltyd tot vieruur die betrokke dag. Soos met gebed, waar gereelde tye opsy gesit word, moet u ook uself dissiplineer om tenminste een dag 'n week te vas. Dan kan u ook soos die Here op u hart lê spesifieke tyd afstaan vir vas. As u egter met 'n probleem worstel, skryf u versoek af, bedink dit, sien of dit Skrif gefundeerd is en begin met vasting. "Wat is u versoek en wat wil u hê?" Voor 'n lang vas, vermy 'harde' voedsel, eet liever vrugte, sagte kosse ens. 'n Twee en sewentig uur vas sonder enige voedsel of water is gewoonlik voldoende. Water kan ook gedrink word, maar ek vind dat sou ek selfs water vermy gedurende die drie dae vas, ek baie duideliker die stem van die Here hoor. My gees is sensitiewer vir die leiding van God se Gees. Die Skrif, Ou en Nuwe, is glad nie onduidelik aangaande vas nie. Vasting is blykbaar nie opsioneel nie, want God sê "wanneer julle vas," nie "as" julle

**a] Hoekom vas u?** \* Deur vernedering sal God u verhoog Matthéüs 23:12 Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder sal ver hoog word. \* Om nader aan God te kom: (Jak. 4:8) \* Om vas te stel watter rigting ek moet kies (Esra 8:21) \* Om genesing te verkry Jesaja 58:8 Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlijkheid van die HERE jou agterhoede wees. \* Om verlossing te verkry van 'n binding in u lewe: Matthéüs 17:21 Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie. \* Om te bid vir 'n geliefde. Het u dit al oorweeg om te bid vir u gade, u kinders, u huwelik?

### **Ester 4:1 Toe Mórdegai verneem alles wat gebeur het,**

het Mórdegai sy klere geskeur en 'n roukleed aangetrek, en daar was as op sy hoof; en hy het uitgegaan dwarsdeur die stad en hardop en bitter geskreu. :3) Toe sê die koning vir haar: Wat wil jy hê, koningin Ester, of wat is jou versoek? Al was dit ook die helfte van die koninkryk - dit sal jou gegee word. :10) Toe sê die koning vir Haman: Neem gou die kleed en die perd soos jy gespreek het, en doen so aan Mórdegai, die Jood, wat in die poort van die koning sit; jy moet nie een woord onvervuld laat bly van alles wat jy gespreek het nie. :6) En Ester sê: Die teëstander en vyand is hierdie slegte Haman!..... :10) En hulle het Haman opgehang aan die galg wat hy vir Mórdegai opgerig het, . 9:4 Want Mórdegai was groot in die paleis van die koning, en sy gerug het deur al die provinsies gegaan, omdat die man Mórdegai al groter geword het.

### **Jesaja 58:5-11 Is dit die vas wat Ek verkies,**

die dag as die mens sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en 'n dag wat die Here welgevallig is? Is dit nie die vas wat ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerweling in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uitgaan, die heerlijkheid van die Here jou agterhoede wees Dan sal jy roep, en die Here sal antwoord; jy sal skreeu om hulp, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy van jou verwyder die verdrukking, die uitsteek van die vinger en die leuenagtige woord, en jou siel laat uitgaan na die hongerige, en die neergeboë siel versadig; dan sal jou lig opgaan in die duisternis en jou donkerheid wees soos middag. En die Here sal jou gedurigdeur lei en jou siel versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak; en jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is en soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit teleurstel nie.